## 15.3 RAPPORT 3 – DEPUTATE SDDS – BESTUUR EN FINANSIËLE BEHEER (Artt 130, 278)

## 15.3 REPORT 3 – DEPUTIES SDDS – MANAGEMENT AND FINANCIAL CONTROL (Arts 130, 278)

A. Ds MJ Erasmus stel die Rapport.
Rev MJ Erasmus tables the Report.

B. **Besluit:** Punte 3.1 en 3.2 word verwys na die Finansiële Kommissie.
**Decision:** Points 3.1 and 3.2 are referred to the Financial Commission.

C. Dr EJ de Beer rapporteer namens die Finansiële Kommissie.
Dr EJ de Beer reports on behalf of the Financial Commission.

D. **RAPPORT / REPORT**

| | |
|---|---|
| **1. Opdrag (Acta 2006:168, 5)** | **1. Mandate (Acta 2006:168, 5)** |
| 1.1 Dat die finansiële beheer van alle skemas onder die beheer van die SDDS steeds sal setel onder die Bestuur van die Administratiewe Buro. | 1.1 The financial management of all schemes under the control of the SDDS is to continue to reside with the management of the Administrative Bureau. |
| 1.2 Dat die geouditeerde state jaarliks aan die Bestuur van die Administratiewe Buro voorgelê moet word asook aan die Ouditkomitee van die Ledevergadering. | 1.2 The audited statements must be tabled to the management of the Administrative Bureau annually as well to the Audit Committee of the members meeting. |
| **Besluit: Punte 1.1 en 1.2 kennis geneem.** | **Decision: Points 1.1 and 1.2 noted.** |
| **2. Sake waarvan die Sinode kennis neem** | **2. Matters that the Synod take note of** |
| 2.1 *Algemeen*: Die Deputate SDDS tree koördinerend op ten opsigte van: | 2.1 *General*: The Deputies SDDS coordinate the: |
| 2.1.1 Insameling en hantering van fondse. | 2.1.1 Raising and management of funds. |
| 2.1.2 Bepaling van beleid met betrekking tot personeel. | 2.1.2 Determining policy related to staff. |
| 2.2 *Insameling en hantering van fondse*: fondse is op die volgende wyses ontvang en geadministreer: | 2.2 *Funds were received and managed as follows*: |
| 2.2.1 Waar spesifieke opdragte vir die aanwending van fondse ontvang is, is hierdie opdragte stiptelik uitgevoer. | 2.2.1 Specific instructions for the application of funds were promptly executed. |
| 2.2.2 Waar fondse ontvang is vir algemene aanwending deur SDDS, is hierdie fondse verdeel met in agneming van die volgende: | 2.2.2 The SDDS distributed funds received for general application in consideration of the following: |
| 2.2.2.1 Fondse wat direk aan die kerkverband aan Tehuise gestuur is. | 2.2.2.1 Funds directly to the denomination were sent to the Care Homes. |
| 2.2.2.2 Spesifieke behoeftes by die Tehuise. | 2.2.2.2 Specific needs of the Care Homes. |
| 2.2.2.3 Normaalweg het die verdeling op ‘n gelyke basis geskied maar verdelings is ook gedoen waar die tekort op ‘n bepaalde tydstip die grootste was. | 2.2.2.3 Distribution of funds were done on an equal basis, except when there was a particular deficit at a given time. |

| | |
|---|---|
| 2.2.2.4 Inspraak deur die Kinderhuise oor fondse wat vir hulle ontvang is. | 2.2.2.4 Suggestions by Orphanages on funds received on their behalf. |
| 2.2.2.5 Verdeling om voorsiening te maak vir bystand aan diakonieë kragtens KO, art 25 *Subsidies*: Soos in die verlede het dit weer duidelik geword dat subsidies van owerheidsweë nie met inflasie tred hou nie. Soos by alle welsynsorganisasies word die finansies van die Kinderhuise steeds jaar vir jaar onder groter wordende druk geplaas. | 2.2.2.5 Distribution in support of deaconates in accordance with CO, art 25. As in the past, it was clear that subsidies from the authorities do not keep up with inflation. Similar to all charities, the finances of Orphanages are coming under greater pressure year after year. |
| 2.3 Gedurende die afgelope drie jaar het die Besture en personeel van ons Kinderhuise nog steeds op alle terreine saamgewerk en gereeld vergader om sake van gemeenskaplike belang te bespreek. | 2.3 During the past three years the Management and staff of the Orphanages continued to work together on all terrains and held meetings to discuss matters of common interest. |
| **Besluit: Punte 2.1 tot 2.3 kennis geneem.** | **Decision: Points 2.1 to 2.3 noted.** |
| **3. Sake waaroor die Sinode besluit** | **3. Matters that the Synod decide on** |
| 3.1 *'n Besluit van Sinode 2000 en ons haal aan (Acta 2000:149, 3):*<br>"3. Finansiële State<br>Finansiële State vir die periode Maart 2000 tot Maart 2002 word aan die Sinode voorgehou.<br>Besluit: Die Sinode neem met sorg kennis van die negatiewe finansiële resultate van die afgelope drie jaar.<br>Aanbevelings<br>3.1 Dat die finansiële beheer van alle skemas onder beheer van die SDDS voortaan sal setel onder die Bestuur van die Administratiewe Buro.<br>3.2 Dat geouditeerde state jaarliks aan die Bestuur van die Administratiewe Buro voorgelê moet word asook aan die Ouditkomitee van die Lede-vergadering.<br>3.3 Dat Deputate aangewys word met die opdrag om te skakel met die Residentia Stigting ten einde 'n samewerkingsooreenkoms daar te stel en/of kundigheid te bekom.<br>Besluit: Goedgekeur". | 3.1 *A decision of Synod 2000 (Acta 2000:149, 3) reads as follows:*<br>"3. Financial Statements<br>Financial Statements for the period March 2000 to March 2002 are tabled to the Synod.<br>Decision: The Synod takes note with concern of the negative financial results of the past three years.<br>Recommendations<br>3.1 The financial control of all schemes of the SDDS is to in future reside with the Management of the Administrative Bureau.<br>3.2 The audited statements are to be tabled annually to the Management of the Administrative Bureau and Audit Committee of the members meeting.<br>3.3 Deputies are to be appointed with the mandate to make contact with the Residentia Stigting in order to establish a cooperation agreement and/or obtain expertise.<br>Decision: Approved". |
| 3.1.1 Dat die opdrag van Sinode 2003 soos vervat in art 3.1 (Acta 2000:149, 3.1) en 1.1 hierbo verval en dat die finansiële beheer van alle skemas onder beheer van die SDDS nie meer onder die Bestuur van die Administratiewe Buro sal setel nie.<br><u>Motivering</u>: Sedert 2003 is die standaard van die finansiële state op | 3.1.1 The mandate of Synod 2003, as contained in art 3.1 (Acta 2000:149, 3.1) and 1.1 above should be lifted and financial control of all schemes under the control of the SDDS no longer reside with the Management of the Administrative Bureau.<br><u>Motivation</u>: Since 2003 the standard of the financial statements are on a high |

| | |
|---|---|
| 'n hoë vlak en is daar nooit enige navrae van of die ouditeur of die Ouditkomitee van die Ledevergadering ontvang nie.<br>3.1.2 Dat artikel 3.2 (Acta 2000:149, 3.2) behou word soos ook vervat in pt 1.2 hierbo.<br><u>Aanbeveling</u>: Goedgekeur.<br>**Besluit: Punt 3.1 verwys na die Finansiële Kommissie.**<br>3.2 *'n Tweede besluit van Sinode 2000 en ons haal aan (Acta 2000:149, 2.1):*<br>"Aanbevelings<br>2.1 Dat Glenzicht as 'n Art 21 Maatskappy geregistreer word.<br>Motivering: Dit is die verantwoordelike weg om die maksimum sekuriteit vir alle fasette van SDDS te verseker".<br><u>Motivering</u>: Omdat die Glenzicht Aftree-oord onder beheer van die SDDS, wat 'n Art 21 Maatskappy is, val het dit nie 'n doel gedien om 'n aparte maatskappy te vorm nie.<br><u>Aanbeveling</u>: Dat die opdrag soos vervat in artikel 2.1 (2000:149, 2.1) geskrap word.<br>**Besluit: Punt 3.2 verwys na die Finansiële Kommissie.** | level and no queries have been made by the auditor or Audit Committee of the Members Meeting.<br>3.1.2 The art 3.2 (Acta 2000:149, 3.2) is to be retained, as described in pt 1.2 above.<br><u>Recommendation</u>: Approved.<br>**Decision: Point 3.1 referred to the Financial Commission.**<br>3.2 *A second decision of Synod 2000 (Acta 2000:149, 2.1) reads as follows:*<br>"Recommendations<br>2.1 Glenzicht is to be registered as an Art 21 Company.<br>Motivation: It is the responsible way to ensure the maximum security of all facets of the SDDS".<br><u>Motivation</u>: Since the Glenzicht Retirement Village falls under the control of the SDDS, an Art 21 Company, there was no reason to establish a separate company.<br><u>Recommendation</u>: The mandate defined in point 2.1 (2000:149, 2.1) is to be scrapped.<br>**Decision: Point 3.2 referred to the Financial Commission.** |

E. **RAPPORT VAN DIE FINANSIËLE KOMMISSIE**
**REPORT OF THE FINANCIAL COMMISSION**

| | |
|---|---|
| **1. Opdrag**<br>1.1 Rapport 13.1 – Rapport 1: Administratiewe Buro – Diensburo en Finansies: Punt 2 – opdragte rakende SDDS.<br>1.2 Rapport 15.3 – Rapport 3: Deputate SDDS – Bestuur en Finansiële beheer: Punt 3.1 en 3.2<br>1.3 Rapport 13.10 – Rapport 10: Bestuur van die Administratiewe Buro in sake SDDS.<br>**Besluit: Kennis geneem.** | **1. Mandate**<br>1.1 Report 13.1 – Report 1: Administrative Bureau – Services Bureau en Finances: Point 2 – mandates concerning SDDS.<br>1.2 Report 15.3 – Report 3: Deputies SDDS – Management and Financial management: Points 3.1 and 3.2.<br>1.3 Report 13.10 – Report 10: Management of the Administrative Bureau concerning SDDS.<br>**Decision: Noted.** |
| **2. Sake waarvan die Sinode kennis neem**<br>Die Kommissie het hul deeglik vergewis met die inhoud van die Rapporte, en 'n bevredigende gesprek gevoer met belanghebbendes.<br>**Besluit: Kennis geneem.** | **2. Matters that the Synod take note of**<br>The Commission acquainted them with the content of the Reports, and had a satisfying conversation with stakeholders.<br>**Decision: Noted.** |
| **3. Sake waaroor die Sinode besluit**<br>3.1 Sinode neem kennis van Rapport 13.1 – Rapport 1: Administratiewe Buro – | **3. Matters that the Synod decide on**<br>3.1 The Synod takes note of Report 13.1 – Report 1: Administrative Bureau – |

| | |
|---|---|
| Diensburo en Finansies: Punt 2 – opdragte rakende SDDS. | Services Bureau and Finances: Point 2 – mandates concerning SDDS. |
| **Besluit: Goedgekeur.** | **Decision: Approved.** |
| 3.2 Die bewoording van Rapport 15.3 – Rapport 3: Punte 3.1.1 en 3.1.2 word vervang met:<br>Die finansiële beheer van die SDDS sal setel in die direksie van die SDDS (Art 21 maatskappy), en die finansiële beheer sal uitgeoefen word in oorleg met die Administratiewe Buro, wat sal behels:<br>- die daarstelling van ‘n finansiële beleid,<br>- dat daar verteenwoordiging van die Administratiewe Buro op die direksie van die SDDS sal wees. | 3.2 The wording of Report 15.3 – Report 3: Points 3.1.1 and 3.1.2 is replaced with:<br>The financial management of the SDDS will be seated in the SDDS board (Art 21 Company), and the financial control will be exercised in consultation with the Administrative Bureau, which will involve:<br>- the establishment of a financial policy.<br>- that there will be representation of the Administrative Bureau on the Board of the SDDS. |
| **Besluit: Goedgekeur.** | **Decision: Approved.** |
| 3.3 Dat die finansiële state van SDDS, asook die finansiële state van Glenzicht Inwonersvereniging jaarliks aan die Bestuur van die Administratiewe Buro voorgelê word, asook aan die Ouditkomitee van die ledevergadering. | 3.3 That the financial statements of SDDS, as well as the financial statements of Glenzicht Residents Association, are submitted annually to the Management of the Administrative Bureau, as well as to the Audit committee of the members meeting. |
| **Besluit: Goedgekeur.** | **Decision: Approved.** |
| 3.4 Die Sinode neem kennis van Rapport 15.3 – Rapport 3: Deputate SDDS – Bestuur en Finansiële beheer: Punt 3.2. | 3.4 The Synod takes note of Report 15.3 – Report 3: Deputies SDDS – Management and Financial management: Point 3.2. |
| **Besluit: Goedgekeur.** | **Decision: Approved.** |
| 3.5 Die SDDS se Akte van Oprigting, Klousule 6a vii soos volg gewysig word: | 3.5 The SDDS Memorandum of Incorporation, Clause 6a vii is amended as follows: |
| 3.5.1 Die Sinode wys die Direkteure aan.<br><u>Motivering</u>: Die Sinode moet nie beperk word tot die goedkeuring van die persone wat deur die huidige Direksie aanbeveel word nie. | 3.5.1 The Synod appoints Directors.<br><u>Motivation</u>: The Synod should not be limited to the approval of persons recommended by the current Board. |
| 3.5.2 Die Sinode mag Direkteure afdank. | 3.5.2 The Synod may dismiss Directors. |
| 3.5.3 Die Direksie vul tussentydse vakatures.<br><u>Motivering</u>: sodanige Direkteure se dienstermyn verval by die afloop van die volgende Sinode. | 3.5.3 The Board of Directors fill interim vacancies.<br><u>Motivation</u>: such Directors’ term of office expire at the end of the next Synod. |
| 3.5.4 ‘n Direkteur mag afgedank word deur die oorblywende Direkteure. Die besluit moet geneem word deur minstens twee/derdes van die oorblywende Direkteure. | 3.5.4 A Director may be dismissed by the remaining Directors. The decision must be taken by at least two thirds of the remaining Directors. |
| **Besluit: Punte 3.5.1 tot 3.5.4 goedgekeur.** | **Decision: Points 3.5.1 to 3.5.4 approved.** |